Merino SA® en winsgewende Wolskaapboerdery

Dr AJ Aucamp

Die wolskaapbedryf staan voor nuwe uitdagings. Wolproduksie het oor die afgelope dekade halveer, maar dit blyk dat dit nou gestabiliseer het. Vleispryse aan die anderkant, het egter die hoogte ingeskiet. Dit wil voorkom asof dit vir 'n tyd lank nog op hierdie hoë vlakke gaan bly. Onrusbarend egter, is dat die *per capita* verbruik van skaapvleis daal terwyl dié van beesvleis toeneem. Wol- en vleisproduksie vorm die grondslag van 'n volhoubare winsgewende wolskaapbedryf. Dit is juis t.o.v. laasgenoemde twee aspekte dat die wolskaapbedryf in geheel en Merino SA® in besonder, voor nuwe uitdagings te staan kom.

Ondervinding het geleer dat geen vervaardiger van 'n produk, bloot op grond van 'n handelsnaam, kan aanvaar dat sy produk 'n vastrapplek in die markomgewing sal kry nie. Dus, die wolskaapbedryf kan nie bloot aanvaar dat sy produkte outomaties by die verbruiker in aanvraag sal wees nie. Daar moet in gedagte gehou word dat 'n nuwe geslag verbruikers tot die mark toegetree het, met nuwe voorkeure en vereistes. Verder, die prys van 'n produk word bepaal deur vraag en aanbod. Die prys van wol kan alleenlik styg indien daar 'n groter aanvraag na wol is. Dieselfde geld t.o.v. vleis. In hierdie opsig is die plig van die wol- sowel as die vleisbedryf, om indringende aandag aan promosie te gee, spesifiek aan die skaapvleiskomponent. Eersgenoemde internasionaal sowel as plaaslik, terwyl laasgenoemde op die plaaslike mark fokus. Die vraag ontstaan waar bevind Merino SA®, as die gemeenskaplike forum vir geregistreerde en kommersiële Merinostelers en as beplanner en spreekbuis van alle Merinosake in Suid-Afrika, hulle in hierdie uitdagings wat aan die wolskaapbedryf gestel word.

Volgens Erasmus (2005) is Merino SA® die leier in die toepassing van wetenskaplike beginsels in rasverbetering, met die gebruikmaking van BLUP – teelwaardes soos vervat in die Merinoplan. Hierdie hulpmiddels het ten doel om direk vir genetiese vordering in die mees belangrikste ekonomiese kenmerke te selekteer met die oog om die winsgewendheid van die Merinokudde as geheel te verhoog. Daar word dus in die huidige Merino gefokus op doeltreffendheid en winsgewendheid. Indien dus met die huidige Merino geboer word (Coetzee 2005) binne 'n omgewing waar die veldbestuur- / weidingbestuursprogram, bestuurspraktyke, strategiese byvoedingsprogram, seleksie- en telingspraktyke en finansiële bestuurspraktyke doeltreffend toegepas, op 'n hoë vlak bestuur word, is die huidige Merino vandag een van die mees winsgewende wolskape. Volgens Coetzee (2005) kan dit nog steeds met redelike sekerheid aanvaar word dat die Merino van 2006 nog steeds een van die skaaprasse is wat die ingenome voedingstowwe uit weiding die doeltreffendste benut vir die vorming van wol- en liggaamsproteien (vleis).

Navorsing toon dat suiwer Merinolyne se relatiewe doeltreffendhied in 'n terminale kruistelingstelsel in verhouding tot ander Merino-tipe lyne, uitgedruk in bruto inkomste, die hoogste is (Poggenpoel, 2005). Die gevolgtrekking van hierdie navorsing toon dat die kombinasie van 'n relatief klein tipe met aanvaarbare reproduksie en hoë vlakke van vesel produksie daartoe aanleiding gee dat suiwer Merinolyne hoogs kompeterend is in terme van ekonomiese opbrengs. In die praktyk vind ons dat produsente, ondanks lae wolpryse, steeds 'n bruto marge (bruto inkomste minus direk allokeerbare uitgawes) van R652 per teelooi gepaar realiseer. Verder, dat gemiddeld 28,6% kg vleis en 7,8 kg skoonwol per teelooi gepaar (uitgedruk as totale kg

vleis en wol bemark uit die kudde ÷ totale getal ooi gepaar) bemark kan word. Die uitstekende wolproduksie en groeivermoë van die moderne Merinolam word ook duidelik in die praktyk geïllustreer. Uitskotlammers lewer op ses maande 'n wolinkomste van R45,65 en 'n karkasmassa van 23,97 kg.

Die wetenskap en die praktyk toon onteenseglik dat die sogenaamde tekortkominge van die Merino (lae vrugbaarheid, lae melkproduksie, swak groeivermoë ens.) in die moderne Merino oorkom is. In die huidige omgewing waar die fokus val op volhoubare winsgewende wolskaapboerdery, toon die wetenskap en die praktyk dat die moderne Merino uitstekend toegerus is om uitvoering aan gemelde ideaal te gee. Wat doen Merino SA® om leiding te neem om as toekomsbeplanner en as leidingsgewende spreekbuis van Merinosake op te tree om gemelde ideale te bereik? Het Merino SA®, met die wetenskaplike feite en praktiese resultate, nie 'n taak om veld terug te wen nie, om 'n trots in die wolskaapbedryf te herstel nie? Het Merino SA® 'n promosie- / bemarkingstrategie in plek om juis die uitstekende eienskappe en praktiese resultate ter bereiking van volhoubare winsgewende wolskaapboerdery uit te dra en bekend te stel?

Dit is my beskeie mening dat Merino SA® 'n ontsaglike rol kan vervul om produsente te lei om die nuutste tegnologie te gebruik en te konsentreer op aspekte soos weidingsbestuur, seleksie- en telingspraktyke en finansiële bestuur waaraan hy wel iets kan doen, en nie te fokus op faktore wat meestal buite hulle beheer is nie (klimaat, produkpryse ens.). Dit is dus verblydend om te sien dat daar tydens die Merino Classic 2007 ook 'n Merino slaglam kompetisie aangebied word om die fantastiese vleiseienskappe van die ras te bevorder. Ander rolspelers in die Merinobedryf moet hande vat met Merino SA® om die Merino as "Die ras wat die pas aangee" stewig te vestig. Die moderne Merino het bewys dat hy daartoe instaat is.